Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2021

# GEOGRAFIE V2

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

## INLIGTING EN INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE vrae.
2. Alle diagramme is in die BYLAAG ingesluit.
3. Waar benodig, illustreer jou antwoorde met geannoteerde diagramme.
4. Laat ’n reël oop tussen die onderafdelings van die vrae wat beantwoord word.
5. Begin ELKE vraag boaan ’n NUWE bladsy.
6. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
7. Moet NIE in die kantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. In AFDELING B word jy van ’n 1 : 50 000 topografiese kaart (2329 BB LOUIS TRICHARDT) en ’n ortofotokaart van ’n gedeelte van die gekarteerde gebied, verskaf.
9. Toon ALLE berekeninge en gebruik die formules, waar van toepassing. Punte sal hiervoor toegeken word.
10. Die maateenheid, waar van toepassing, moet in die finale antwoord verskaf word, byvoorbeeld 10 km, 4 °C, oos.
11. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar en ’n vergrootglas gebruik maak.
12. Die gebied wat met ROOI/SWART op die topografiese kaart afgemerk is, stel die gebied voor wat deur die ortofotokaart gedek word.
13. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 A.

1.1.1 … beïnvloed die standplaas van ŉ landelike nedersetting.

A Mense
B Water
C Olie
D Dienste

1.1.2 Die vorm van ŉ liniêre nedersetting word gewoonlik deur ... bepaal.

A toeganklikheid
B tradisie
C kanale
D sekuriteit

1.1.3 Grond- … is ŉ proses om mense te vergoed vir grond wat hulle verloor het.

A hervorming
B onteiening
C eienaarskap
D restitusie

1.1.4 … landelike nedersettingspatrone maak groter winste.

A Verspreide
B Vierkantige
C Kruispad
D Kern

1.1.5 Volgens grootte en kompleksiteit is ... die tweede laagste in die hiërargie van nedersettings.

A plaasopstalle
B boeredorpies
C gehuggies
D dorpe

1.1.6 … nedersettings is in hoogliggende gebiede geleë as gevolg van dreigende oorstromings.

A Droëpunt-
B Waterpunt-
C Semi-sirkel
D T-vorminge

1.1.7 Spookdorpe beskryf landelike gebiede waar die ...

A minste geleerde mense agtergelaat word.
B aantal MIV/Vigs mense toegeneem het.
C geboue en plase verlate is.
D water en vrugbare grond skaars is.

1.1.8 … is een van die uitdagings wat met grondhervorming geassosieer word.

A Onteiening
B Sosiale geregtigheid
C Gewillige koper/verkoper-klousule
D Sosiale ongeregtigheid (8 x 1) (8)

1.2 Pas die onderstaande stellings by die term Stad, Dorp of Boeredorp. Skryf slegs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.7) en jou antwoord neer, bv.1.2.8 Dorp.

1.2.1 Bied ŉ wye verskeidenheid funksies van hoë-orde aan, byvoorbeeld spesialis dokters

1.2.2 Het ŉ kleiner invloedsfeer

1.2.3 Hierdie nedersettings in nie ŉ voorbeeld van ŉ sentrale-plek nie

1.2.4 Bied slegs lae-orde dienste en funksies aan

1.2.5 Hierdie nedersetting het die laagste drempelbevolking

1.2.6 Het ŉ hoër rangorde op die stedelike hiërargie

1.2.7 Die nedersetting wat die grootste reikwydte het (7 x 1) (7)

1.3 Verwys na FIGUUR 1.3 wat die gevolge van landelike ontvolking toon.

1.3.1 Haal bewyse uit FIGUUR 1.3 aan wat daarop dui dat die ouderdomstruktuur deur ontvolking in landelike nedersettings beïnvloed word. (1 x 1) (1)

1.3.2 Gee TWEE faktore wat landelike ontvolking veroorsaak. (2 x 1) (2)

1.3.3 Verduidelik die negatiewe sosiale impak van landelike ontvolking op landelike nedersettings. (2 x 2) (4)

1.3.4 Waarom is dit so belangrik om die ekonomie van landelike nedersettings te groei? (2 x 2) (4)

1.3.5 Verduidelik hoe die proses van grondherverdeling die ekonomie van landelike nedersettings in Suid-Afrika sal verbeter. (2 x 2) (4)

1.4 FIGUUR 1.4 is ŉ foto van ŉ SSK wat ŉ stedelike grondgebruiksone is.

1.4.1 Gee bewyse vanuit die foto wat die stelling dat hierdie ŉ Sentrale Sakekern (SSK) is, ondersteun. (1 x 1) (1)

1.4.2 Waarom word die SSK as ŉ stedelike grondgebruiksone geklassifiseer? (1 x 2) (2)

1.4.3 Beskryf TWEE faktore wat die konsentrasie van kommersiële funksies in die SSK sou bepaal het. (2 x 2) (4)

1.4.4 Verduidelik waarom kommersiële desentralisasie ŉ negatiewe uitwerking op die SSK gehad het. (2 x 2) (4)

1.4.5 Stel TWEE strategieë voor wat geïmplementeer kan word om die SSK aantrekliker vir besighede te maak. (2 x 2) (4)

1.5 Lees die gevallestudie in FIGUUR 1.5 wat die kwessie van stedelike nedersetting van ŉ gebrek aan dienslewering beklemtoon.

1.5.1 Volgens die uittreksel, hoeveel informele nedersettings steel/roof elektrisiteit? (1 x 1) (1)

1.5.2 Haal TWEE basiese dienste aan wat in informele nedersettings ontbreek. (2 x 1) (2)

1.5.3 Verduidelik waarom munisipaliteite sukkel om basiese dienste te verskaf. (2 x 2) (4)

1.5.4 In ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die ekonomiese impak wat ŉ tekort aan basiese dienste op die Johannesburgse stad sal het. (4 x 2) (8)

**[60]**

## VRAAG 2

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.8 A.

2.1.1 Die ... sektor verwys na besighede wat nie geregistreer is nie en nie belasting betaal nie.

A formele
B ekonomiese
C informele
D tersiêre

2.1.2 ŉ Sosiale faktor wat die ontwikkeling van die industriële gebied in Gauteng bevoordeel het:

A Grondstowwe
B Gelyke grond
C Digte bevolking
D Goedkoop krag

2.1.3 ... -boerdery in Suid-Afrika word deur ŉ veranderlike prys en oorbeweiding belemmer.

A Mielie
B Bees
C Suikerriet
D Bestaans

2.1.4 Voedselsekerheid is wanneer mense in ŉ land ...

A nie toegang tot voedsame voedsel het nie.
B toegang tot grond het.
C nie toegang tot genetiese-gemodifiseerde gewasse het nie.
D toegang tot voedsame voedsel het.

2.1.5 … industrieë produseer bederfbare goedere.

A Grondstof-georiënteerde
B Mark-georiënteerde
C Swaar
D Brug

2.1.6 Groot stukke goedkoop en gelyke grond aan die buitewyke is ŉ gespesialiseerde vereiste vir ... nywerhede.

A ongebonde
B ligte
C swaar
D alomteenwoordige

2.1.7 ... is die verskil tussen ŉ land se uitvoere en invoere oor ŉ gegewe tydperk.

A Handelsbalans
B Negatiewe handelsbalans
C Positiewe handelsbalans
D Betalingsbalans (7 x 1) (7)

2.2 Verwys na FIGUUR 2.2 (A) en (B) wat voorbeelde van verskillende ekonomiese sektore toon. Pas die onderstaande beskrywings by een van die ekonomiese sektore. Skryf slegs die ekonomiese sektor langs die vraagnommers neer (2.2.1 tot 2.2.8), byvoorbeeld 2.2.9 primêr.

2.2.1 Hierdie sektor word met hoë vlakke van besoedeling geassosieer

2.2.2 Geneties gemodifiseerde gewasse word in hierdie sektor geproduseer

2.2.3 ROI's en IOS's is strategieë wat gebruik word om hierdie sektor te groei

2.2.4 Ontginning van grondstowwe uit die omgewing

2.2.5 Die sektor wat die meeste tot die BBP van Suid-Afrika bydra

2.2.6 Vervoer is ŉ voorbeeld van ŉ aktiwiteit in hierdie sektor

2.2.7 Die sektor is betrokke by die ontwikkeling van entstowwe vir die korona-virus

2.2.8 Die sektor wat die minste tot die BNP bydra (8 x 1) (8)

2.3 Verwys na FIGUUR 2.3 en bestudeer die inligting oor steenkoolmynbou in Suid-Afrika.

2.3.1 Volgens FIGUUR 2.3, in watter provinsie word die meeste steenkool geproduseer? (1 x 1) (1)

2.3.2 Noem die kragvoorsiener wat elektrisiteit in Suid-Afrika produseer. (1 x 1) (1)

2.3.3 Haal bewyse uit FIGUUR 2.3 aan wat daarop dui dat steenkoolmynbou deur alternatiewe energiebronne vervang kan word. (1 x 1) (1)

2.3.4 Noem TWEE fisiese faktore wat die produksiekoste van steenkoolmynbou in hierdie provinsie kon verlaag het (jou antwoord op VRAAG 2.3.1). (2 x 1) (2)

2.3.5 Hoe het die nabyheid van die steenkoolmyne die ontwikkeling van die nywerheidsgebied in Gauteng bevoordeel? (1 x 2) (2)

2.3.6 Bespreek die negatiewe impak wat arbeid op die steenkoolmynbedryf het. (2 x 2) (4)

2.3.7 Verduidelik hoe die omgewingsvoordeel om ŉ net-zero-koolstofvrystelling teen 2050 te bereik, ŉ negatiewe ekonomiese impak op Suid-Afrika sal hê. (2 x 2) (4)

2.4 FIGUUR 2.4 is gebaseer op strategieë vir industriële ontwikkeling; die Saldanhabaai Industriële Ontwikkelingsone (SBIOS).

2.4.1 Noem EEN doelwit van ŉ Industriële Ontwikkelingsone (IOS). (1 x 1) (1)

2.4.2 Gee ŉ bewys van EEN fisiese (natuurlike) faktor wat Saldanhabaai ŉ ideale plek vir industriële ontwikkeling maak. (1 x 1) (1)

2.4.3 Identifiseer EEN sektor uit FIGUUR 2.4 waar nuwe beleggingsooreenkomste onderteken is. (1 x 1) (1)

2.4.4 Bespreek die negatiewe impak wat hierdie nuwe beleggingsooreenkomste op die mense van Saldanhabaai kan hê. (2 x 2) (4)

2.4.5 In ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die maniere waarop die Saldanhabaai Industriële Ontwikkelingsone ŉ positiewe bydrae tot die Suidwes-Kaap industriële gebied gelewer het. (4 x 2) (8)

2.5 FIGUUR 2.5 is ŉ spotprent oor internasionale handel.

2.5.1 Watter bewyse toon dat die spotprent gebaseer is op internasionale handel en nie binnelandse handel nie? (1 x 1) (1)

2.5.2 Identifiseer Suid-Afrika se handelsvennoot uit die spotprent. (1 x 1) (1)

2.5 3 Watter bewyse op die spotprent toon dat Suid-Afrika nie die enigste handelsvennoot van China is nie? (1 x 1) (1)

2.5.4 Wat is die betekenis van die onderskrif 'Chinese wegneemete' in die spotprent? (1 x 2) (2)

2.5.5 Hoe bevoordeel internasionale handel die bruto binnelandse produk (BBP) van Suid-Afrika? (1 x 2) (2)

2.5.6 Waarom het Suid-Afrika ŉ negatiewe handelsbalans met China? (2 x 2) (4)

2.5.7 Verduidelik die impak wat ŉ negatiewe handelsbalans op die ekonomie van Suid-Afrika sal hê. (2 x 2) (4)

**[60]**

## AFDELING B: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

Die onderstaande vrae is gebaseer op die 1 : 50 000 topografiese kaart 2329 BB LOUIS TRICHARDT, sowel as die ortofotokaart van 'n deel van die gekarteerde gebied.

### VRAAG 3

#### KAARTWERK-VAARDIGHEDE EN -BEREKENINGE

3.1 Die magnetiese peiling vir 2012 tussen twee punte op die topografiese kaart was 14°23' W van ware noord.

3.1.1 Sal die magnetiese peiling in 2021 tussen twee punte groter of kleiner wees? (1 x 1) (1)

3.1.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 3.1.1. (1 x 1) (1)

3.2 Verwys na die afgebakende gebied in ROOI en SWART op die topografiese kaart wat die area wat deur die ortofotokaart gedek word, voorstel.

3.2.1 Gebruik die topografiese kaart om die area wat deur die ortofotokaart gedek word, in vierkante meter ($m^2$), te bereken. Toon ALLE berekeninge. Punte sal vir berekeninge toegeken word.

Formule**: Area = Lengte x Breedte** (5 x 1) (5)

3.2.2 Verduidelik waarom die area wat deur die ortofotokaart gedek word, kleiner op die topografiese kaart lyk. (1 x 2) (2)

3.3 Gee EEN rede waarom 'n persoon wat by **5** staan sigbaar sal wees vir 'n persoon wat by **6** staan. (1 x 1) (1)

#### KAART-INTERPRETASIE

3.4 Die ekonomiese aktiwiteit by **O** in blok **C2** op die topografiese kaart behoort aan die ... sektor.

A sekondêre
B tersiêre
C primêre
D kwaternêre (1 x 1) (1)

3.5 Die gebied wat noord en noord-oos van die hospitaal (blok **B5**) op die topografiese kaart, geleë is, toon kenmerke van 'n hoë-inkomste residensiële gebied. Gee TWEE bewysstukke om hierdie stelling te ondersteun. (2 x 2) (4)

3.6 Verwys na die plaasopstal **M** in blok **C3**.

3.6.1 Is die plaasopstal ŉ *waterpun*t- of ŉ *droë-punt nedersetting*? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

3.6.2 Verduidelik EEN mensgemaakte faktor wat die keuse van standplaas **M** vir die plaasopstal beïnvloed het. (1 x 2) (2)

3.7 Noem EEN verskil tussen die nedersettingpatroon by **N** in blok **C1** en die nedersettingpatroon by **S** in blok **B1**. (2 x 1) (2)

**GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)**

3.8 Verwys na die ortofotokaart.

3.8.1 Definieer die term *attribuut data.* (1 x 2) (2)

3.8.2 Die hoofpad 522 na Louis Trichardt is ŉ teerpad. Sou jy hierdie inligting as ruimtelike- of attribuut data beskou? (1 x 1) (1)

3.8.3 Gee ŉ rede vir jou antwoord op VRAAG 3.8.2. (1 x 2) (2)

3.9 Verwys na BYLAAG 3.9 wat ŉ uittreksel van die Dorprivier in blokke **E2/3** op die topografiese kaart toon, waar boere ŉ buffer geskep het.

3.9.1 Definieer die term *buffersone.* (1 x 2) (2)

3.9.2 Gee EEN rede vir die skep van ŉ buffersone langs die Dorprivier. (1 x 1) (1)
**[30]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**


# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2021

# GEOGRAFIE V2
# BYLAAG


Hierdie bylaag bestaan uit 8 bladsye.

**FIGUUR 1.3: LANDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIE WAT MET LANDELIKE ONTVOLKING VERWANT HOU**




[Bron: https://www.google.com]

**FIGUUR 1.4: STEDELIKE GRONDGEBRUIKSONE – SSK**



[Bron: https://www.bing.com]

**FIGUUR 1.5: STEDELIKE KWESSIE WAT MET DIENSLEWERING (BASIESE DIENSTE) VERBAND HOU**

**ONWETTIGE KONNEKSIES: 211 JOBURG INFORMELE NEDERSETTINGS WORD DAARVAN BESKULDIG AAN DIEFSTAL VAN DIE STAD SE ELEKTRISITEIT**

Ongeveer 211 informele nedersettings in die stad van Johannesburg word daarvan beskuldig dat hulle City Power se elektrisiteit steel. City Power het gesê hy verloor miljarde rande se inkomste. Isaac Mangena, woordvoerder van City Power, het gesê altesaam vyf lewens is verloor weens mense wat doodgeskok is.

City Power het Woensdag op die informele nedersetting toegesak en onwettige verbindings verwyder. Mangena het gesê dat hulle vir die tweede keer in minder as ŉ maand in die omgewing besig was om diskonnekterings te doen. “Ons sal nie moeg word om terug te keer en hul onwettige elektrisiteit af te sny nie, want dit is nie net duur vir ons nie, maar ook vir infrastruktuur. Ons het gesien hoe vele van ons substasies ontplof weens oorlading wat deur onwettige verbindings veroorsaak word.


“Elke keer as daar ŉ onderbreking is wat veroorsaak word deur ŉ ontploffing, is dit wettige verbruikers wat daaronder ly, insluitend diegene wat van die huis af werk. Hulle kan dalk hul werk verloor as gevolg van hewige onderbrekings wat deur oorlading veroorsaak word,” het Mangena gesê.

Mangena het inwoners aangeraai om die regering te versoek om wettige elektrisiteit te laat installeer. “Ons het ongeveer ŉ halfmiljoen huishoudings wat ons wettiglik van elektrisiteit voorsien. Ons het ook 211 informele nedersettings met ŉ beraming van ongeveer 5 000 huishoudings wat onwettig verbind is. Ons dink dat die aantal onwettige verbindings meer kan wees.

[Aangepas uit News24, 9 March 2021]


## FIGUUR 2.2: EKONOMIESE SEKTORE

**A**





**B**

| 2019 BBP STATISTIEKE | |
|---|---|
| Landbou | 1,88% |
| Industrie | 26% |
| Tertiêr | 61,20% |
| Kwaternêr | 1,92% |




[Bron: https://www.google.com]

## FIGUUR 2.3: PRIMÊRE EKONOMIESE AKTIWITEIT – STEENKOOL MYNBOU




ʼn Foto in die ingangsportaal by die Komati-kragstasie toon die fabriek in beter tye, waar sy nege opwekkingseenhede stoom en rook in die naghemel blaas

Daardie dae kom nooit weer terug nie: Komati se enigste oorblywende werkeenheid moet binne twee jaar gesluit word, volgens die planne van die staatskragnetwerk Eskom Holdings SOC om ongeveer ʼn kwart van sy steenkoolkapasiteit teen 2030 te sluit. Langs die Goedehoopmyn is daar bondels sonpanele langs die hoof toegangspad, is ʼn teken van wat moontlik vir die steenkoolgordel in Suid-Afrika kan kom.

Byna al die elektrisiteit wat nodig is om die mees geïndustrialiseerde ekonomie van Afrika aan te dryf, word al dekades lank vervaardig deur ʼn vloot verouderde steenkoolaanlegte wat langs die myne in die ooste van Johannesburg gebou is. Dit maak die provinsie Mpumalanga, waarin Komati geleë is, een van die mees steenkoolafhanklike en besoedelde streke op aarde.

Die uitfasering van die aanlegte is noodsaaklik as president **Cyril Ramaphosa** ʼn verbintenis nakom om teen 2050 ʼn net-zero-koolstofdioksiedvrystelling te bereik, en tog sal die sluiting tienduisende werksgeleenthede in gedrang bring.

[Bron: https://www.engineeringnews.co.za]

## FIGUUR 2.4: STRATEGIEË VIR INDUSTRIËLE ONTWIKKELING: DIE SALDANHABAAI INDUSTRIËLE ONTWIKKELINGSONE (SBIOS)



[Bron: Google Images – Saldanha Bay Industrial Development Zone]

### SALDANHA BAAI INDUSTRIËLE ONTWIKKELINGSONE TREK BELEGGINGS AAN

28 Februarie, 2021

Die nywerheidsontwikkelingsone van Saldanhabaai het tot dusver meer as R21 miljard se beleggings gelok, sê Fikile Majola, adjunkminister van handel, nywerheid en mededinging.

Die adjunkminister het gesê dat hierdie beleggings in verskillende ontwikkelingsfases is en twee daarvan, met ’n private beleggingswaarde van R380 miljoen wat reeds met die bou van hul vervaardigingsfasiliteite begin.

Die SBIOS is die eerste spesiale ekonomiese sone (SES) wat in ’n hawe geleë is en is die enigste sektorspesifieke SES in Suid-Afrika wat spesifiek vir die energie- en maritieme nywerhede voorsiening maak.

“Die SBIOS het ook agt nuwe beleggingsooreenkomste onderteken met bedryfsmaatskappye in die maritieme-, olie- en gassektor. Hierdie beleggings sal lei tot permanente en volhoubare werksgeleenthede wat die land vir sy burgers moet skep.”

“Die ontwikkeling van die sone sal die hele Saldanha en Weskusstreek moet integreer om werklike projekte te bereik wat almal bevoordeel,” sê Majola.

Kaashifah Beukes, uitvoerende hoof van die SBIDZ, het gesê: “Ons is trots dat ons uit die COVID-19-pandemie gekom het en is op pad om projekte ter waarde van meer as R300 miljoen aan beleggersinfrastruktuur in te lei, wat ’n broodnodige hupstoot bring vir ons konstruksiesektor en werksgeleenthede in die Weskus, en uiteindelik die land,” het sy gesê.

[Bron: Researchgate.net]


## FIGUUR 2.5: TERSIÊRE SEKTOR – INTERNASIONALE HANDEL




[Bron: *Daily Maverick*, 17/02/2021]

## AFDELING B: ALGEMENE INLIGTING OOR LOUIS TRICHARDT

Koördinate: 23° 3′ 0″ S, 29° 54′ 0″ O




Louis Trichardt is 'n stad aan die voet van Songozwi, in die Soutpansberg-bergreeks in die Limpopo-provinsie van Suid-Afrika. Dit is die middelpunt van die Makhado plaaslike munisipaliteit, en is geleë in 'n vrugbare gebied waar lietsjies, piesangs, mango's en neute geproduseer word. Die N1 Nasionale Roete loop deur die stad. Louis Trichardt is 437 kilometer van Johannesburg af en een uur se ry van die Zimbabwiese grens by Beitbrug.

Die grootste deel van Louis Trichardt se ekonomie word versterk deur boerderyaktiwiteite in die stad. Die stad se ekonomie kan 'n verdere hupstoot kry as voorgestelde myne in die omgewing oopgaan. Daar was egter baie weerstand van natuurbewaarders teen myne wat in die gebied oopmaak.

**FIGUUR 3.9: BUFFER LANGS DIE DORPRIVIER**




[Bron: Eksaminator]

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2021

# GEOGRAFIE V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

**AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA**

**VRAAG 1**

1.1 1.1.1 B (1)

1.1.2 C (1)

1.1.3 D (1)

1.1.4 A (1)

1.1.5 C (1)

1.1.6 A (1)

1.1.7 C (1)

1.1.8 C (1) (8 x 1) (8)

1.2 1.2.1 Stad (1)

1.2.2 Dorp (1)

1.2.3 Boeredorp (1)

1.2.4 Dorp (1)

1.2.5 Dorp (1)

1.2.6 Stad (1)

1.2.7 Stad (1) (7 x 1) (7)

1.3 1.3.1 Mense, veral die jongmense vertrek na meer werksgeleenthede in stede (1) (1 x 1) (1)

1.3.2 Swak kwaliteit behuising (1)
Tekort aan basiese dienste bv. water, elektrisiteit (1)
Verhoogde lewenskostes omdat goedere en dienste duurder is (1)
[**ENIGE TWEE**] (2 x 1) (2)

1.3.3 Daar is slegs bejaardes in die landelike gebiede agtergelaat wat kwesbaar vir misdaad is (2)
Familie-eenhede word opgebreek namate ouers hul jong kinders agterlaat (2)
Bejaardes moet die verantwoordelikheid neem om jong kinders groot te maak (2)
Dit is meestal jong mans wat vertrek, wat ʼn wanbalans in die gesagstruktuur tot gevolg het (2)
Daar is 'n breindrein omdat die jong volwassenes wat opgelei is en leiersvaardighede het, die landelike gebiede verlaat (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.3.4 Landelike ekonomieë dra by tot die BBP van ŉ land (2)
Hulle skep werk wat die vermenigvuldigereffek tot gevolg het (2)
Landelike ekonomieë is gebaseer op primêre ekonomiese aktiwiteite wat grondstowwe vir sekondêre nywerhede verskaf (2)
Die produksie van die meeste voedsel is gebaseer op landbou-ekonomieë van landelike gebiede (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.3.5 Dit sal die aantal kleinskaalse en grootskaalse boere verhoog en sodoende produksie verhoog (2)
Meer inkomste kan op plaaslike en buitelandse markte verdien word deur die oortollige produkte te verkoop (2)
Meer geskoolde en ongeskoolde werkgeleenthede sal geskep word wat ŉ vermenigvuldigereffek moontlik maak (2)
Dit sal landelike-stedelike migrasie teenwerk en sodoende ŉ siklus van ekonomiese agteruitgang voorkom (2)
Dit sal armoede verlig en die arbeidsmag van die plattelandse gebiede uitbrei (2)
Dit sal die ekonomie uitbrei deur dit meer insluitend vir ander rassegroepe te maak (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 ŉ Gebied in ŉ stedelike nedersetting wat een dominante funksie het (1)
**[KONSEP]** (1 x 1) (1)

1.4.2 Hoë geboue (1)
Hoë digtheid van geboue (1)
Rooster-stratepatroon (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

1.4.3 Funksionele gemak/hoë toeganklikheid vir verbruikers/kliënte (2)
Funksionele prestige/grondwaardes sal hoog wees om sekere kommersiële aktiwiteite te bevorder en ander funksies te ontmoedig (2)
Funksionele magnetisme/sekere kommersiële funksies trek mekaar aan en trek voordeel uit mekaar (aanvaar voorbeelde) (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.4.4 Grond in die SSK begin waarde te verloor namate die vraag afneem (2)
Die SSK word ŉ toevlugsoord vir immigrante om onwettige ondernemings en aktiwiteite te bedryf namate ruimte beskikbaar word om te huur (2)
Die SSK sal ŉ toename in verskillende kriminele aktiwiteite hê as gevolg van onwettige ondernemings (2)
Stedelike verval tree in namate geboue vervalle raak en leeg staan (2)
Informele handel neem toe namate owerhede beheer verloor of aan omkoopgeld onderwerp word (2)
Daar is ŉ toename in geraas en omgewingsbesoedeling namate die SSK sy aansien verloor (2)
Die SSK verloor sy estetiese aantrekkingskrag en ontmoedig toeriste om hierdie grondgebruiksone te betree (2)
Minder formele werksgeleenthede word beskikbaar namate ondernemings verhuis (2)

Die SSK verloor inkomste omdat verbruikers ontmoedig word om die SSK te betree (2)
Die SSK word multifunksioneel (byvoorbeeld residensieel), aangesien verhuurders ander maniere soek om inkomste te genereer (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.4.5 Stedelike hernuwingsprojekte wat die fisiese omgewing verbeter deur geboue op te knap (2)
Moedig ŉ verskeidenheid vermaaklikheidsfasiliteite (bv. restaurante) aan om toeriste te lok (2)
Groter polisiëring en toesig om die SSK ŉ veilige plek te maak (2)
Vermindering van koste van dienste/meer effektiewe dienslewering (2)
Veiliger, meer moderne openbare vervoerstelsel om inkopies gerieflik en toeganklik te maak (2)
Meer parke/oop ruimtes om die SSK meer esteties aangenaam te maak (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.5 1.5.1 211 (1) (1 x 1) (1)

1.5.2 Behuising (formeel) (1)
Krag/elektrisiteit (1) (2 x 1) (2)

1.5.3 Munisipaliteite het nie die begrotings om vir vinnige verstedeliking te beplan nie (2)
Korrupsie onder munisipale werknemers het dienslewering beïnvloed / dienslewering proteste (2)
Nepotisme onder amptenare het gelei tot ŉ tekort aan geskoolde amptenare/personeel in sleutelposisies (2)
Munisipaliteite sukkel voortdurend met watertekorte en krag-onderbrekings (2)
Finansiële lewensvatbaarheidsprobleme (2)
Swak beplanning, monitering en evaluering van probleme (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.5.4 Dit sal lei tot protesoptrede wat skade aan eiendom kan veroorsaak (2)
Protesoptrede sal besighede beïnvloed, omdat werkers nie betyds by die werk kan aanmeld nie (2)
Maatskappye sal produksie-ure verloor en dus neem wins af (2)
Dit sal spanning tussen plaaslike owerhede en gemeenskappe veroorsaak en misdaad aanmoedig (2)
Kriminele aktiwiteite sal formele ondernemings beïnvloed en plaaslike belegging in die omgewing ontmoedig (2)
Oorsese beleggers sou vertroue in die gebied verloor en sal hulle beleggings elders neem (2)
Daar sou afbetalings en meer werkloosheid in die stad wees (2)
Toeriste sal huiwerig wees om die stad te besoek en sal werksverliese in die gasvryheidsbedryf veroorsaak (2)
**[ENIGE VIER]** (4 x 2) (8)
**[60]**

**VRAAG 2**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2.1 | 2.1.1 | C (1) | | |
| | 2.1.2 | C (1) | | |
| | 2.1.3 | B (1) | | |
| | 2.1.4 | D (1) | | |
| | 2.1.5 | B (1) | | |
| | 2.1.6 | C (1) | | |
| | 2.1.7 | A (1) | (7 x 1) | (7) |
| 2.2 | 2.2.1 | Sekondêr (1) | | |
| | 2.2.2 | Kwaternêr (1) | | |
| | 2.2.3 | Sekondêr (1) | | |
| | 2.2.4 | Primêr (1) | | |
| | 2.2.5 | Tersiêr (1) | | |
| | 2.2.6 | Tersiêr (1) | | |
| | 2.2.7 | Kwaternêr (1) | | |
| | 2.2.8 | Primêr (1) | (8 x 1) | (8) |
| 2.3 | 2.3.1 | Mpumalanga (1) | (1 x 1) | (1) |
| | 2.3.2 | Eskom (1) | (1 x 1) | (1) |
| | 2.3.3 | "... bondels sonpanele langs die hoof toegangspad" (1) | (1 x 1) | (1) |
| | 2.3.4 | Steenkoolafsettings is naby die oppervlak (1)<br>Dit is goedkoper om oopgroefmynbou te beoefen (1)<br>Daar is groot hoeveelhede steenkool van goeie gehalte (1)<br>**[ENIGE TWEE]** | (2 x 1) | (2) |

Kopiereg voorbehou 

2.3.5 Krag word oor ŉ kort afstand oorgedra, wat elektrisiteit vir nywerhede goedkoper maak (2) (1 x 2) (2)

2.3.6 **NEGATIEF**
MIV/Vigs het daartoe gelei dat baie geskoolde en ongeskoolde werkers vir die myne verlore gegaan het (2)
MIV/Vigs verminder produksie namate werkers gereeld uitbly of te siek is om te werk (2)
Stakings vir beter lone en voordele (aanvaar voorbeelde) het myne onproduktief gemaak en gedwing om te sluit (2)
Faksiegevegte tussen mynwerkers van verskillende nasionaliteite veroorsaak afwesigheid en dat produksie stop (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

2.3.7 Gebruik van hernubare energiebronne sal lei tot groot werksverliese in die steenkoolmynbedryf (2)
Dit sal werk in ander sektore (sekondêr/tersiêr) van die ekonomie beïnvloed (2)
Minder beleggings in steenkoolmyne deur buitelandse eienaars sal die inkomste uit belasting verminder (2)
Suid-Afrika sal die inkomste wat deur buitelandse valuta verdien word verloor, namate produksie in myne afneem (2)
Duur infrastruktuur wat doelbewus gebou is vir verwerking (kragstasies) en uitvoer (Richardsbaai-terminaal) sal verouderd (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 Werkskepping (1)
Bevorder uitvoere (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

2.4.2 Natuurlike hawe (1)
Geleidelike grond (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

2.4.3 Maritiem (1)
Olie (1)
Gas (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

2.4.4 Inwoners het moontlik nie die nodige vaardighede/kwalifikasies om vir hierdie werk te kwalifiseer nie (2)
Geskoolde werkers uit ander gebiede sal in aanmerking vir hierdie werksgeleenthede kom (2)
Kan nepotisme, omkopery en korrupsie tot gevolg hê om werk te verseker (2)
Buitelandse beleggings is vatbaar vir veranderinge in wêreldmarkte wat die sluiting van hierdie maatskappye kan veroorsaak (2)
Werksverliese kan die gevolg wees van die sluiting van kleiner ondernemings weens mededinging met hierdie groot ondernemings (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

2.4.5 Dra by tot infrastruktuurontwikkeling (paaie, spoorlyne, ens.) wat die streek verbind (2)
Die olie- en gasbedryf het die potensiaal om na die Weskus ROI uit te brei (2)
Windplase in die omgewing het bygedra tot die hoeveelheid hernubare energie wat in die streek beskikbaar is (2)
Verminderde werkloosheid deur die aantal werkgeleenthede in die hele streek te verhoog (2)
Het bygedra tot vaardigheidsverhoging van die arbeidspoel wat nou vir werk in die streek beskikbaar is (2)
Geskoolde arbeid uit ander dele van die land en die wêreld word na die streek gelok (2)
Dit het internasionale beleggings gelok wat moontlik sakegeleenthede in die hele streek wil uitbrei (2)
Toenemende uitvoer uit die streek wat tot die bruto geografiese produk (GGP) bydra (2)
**[ENIGE VIER]** (4 x 2) (8)

2.5 2.5.1 Uitruil van goedere en diens tussen lande (2)
**[KONSEP]** (1 x 1) (1)

2.5.2 China (1) (1 x 1) (1)

2.5.3 Die hele kaart van Afrika word uitgebeeld (1) (1 x 1) (1)

2.5.4 Ons het toegang tot buitelandse inkomste vanaf uitvoere (2)
Stimuleer ons sekondêre bedryf wat meer werkgeleenthede skep (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

2.5.5 Handelsooreenkomste tussen die Afrika-lande en China is meestal voordelig vir China (2)
China neem letterlik eienaarskap van Afrika se hulpbronne oor (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

2.5.6 Ons voer meestal grondstowwe uit, in plaas van vervaardigde goedere (2)
China voer vervaardigde goedere na ons land uit (2) (2 x 2) (4)

2.5.7 Ons sal meer lenings by die Wêreldbank en ander ontwikkelde lande moet maak (2)
Dit sal ons meer kwesbaar maak vir ryk lande wat in ons ekonomiese aangeleenthede inmeng (2)
Plaaslike besighede/nywerhede sal sluit (2)
Minder buitelandse beleggings sal in die land plaasvind (2)
Daar sal grootskaalse werksverliese wees (2)
**[ENIGE TWEE] (Alle konsepte vir 2 punte)** (2 x 2) (4)
**[60]**

## AFDELING B: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

## VRAAG 3

### KAARTWERK-VAARDIGHEDE EN -BEREKENINGE

3.1 3.1.1 Groter / Toenemend (1) (1 x 1) (1)

3.1.2 Die gemiddelde jaarlikse verandering vir Louis Trichardt is Wes/Weswaarts (1) (1 x 1) (1)

3.2 3.2.1 Lengte = 4,1 ✓cm x 500 [4,0 – 4,2]
Breedte = 3,8 ✓ cm x 500 [3,7 cm – 3,9 cm]

Area = 2 050 m ✓ x 1 900 m ✓
= 3 8950 000 $m^2$ ✓
(Speling: 370 000 $m^2$ – 4 095 000 $m^2$]
[Aanvaar ander berekeningsmetodes] (5 x 1) (5)

3.2.2 Die skaal van die ortofotokaart is groter (2)
Die skaal van die topografiese kaart is kleiner (2)
Ortofotokaartskaal is 1 : 10 000 en topografiese kaartskaal is 1 : 50 000 (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

3.3 Daar is geen obstruksie tussen **5** en **6** (1)
Die vallei vorm geen obstruksie tussen **5** en **6** (1)
Die helling is konkaaf (1)
Geleidelike helling tussen **5** en **6** (1)
Sigbaarheid tussen **5** en **6** (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

### KAART-INTERPRETASIE

3.4 C (1) (1 x 1) (1)

3.5 Groot erwe (2)
Beplande onreëlmatige stratepatroon (2)
Aanwesigheid van bome en tuine (2)
Naby aan ontspanningsgebiede (2)
Huise van verskillende argitektoniese ontwerp (2)
Uitsigte / hoogte (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

3.6 3.6.1 Antwoord: Droë-punt nedersetting (1)

Rede: Nedersetting word op hoër grond gebou om oorstromings te voorkom (2)
Nedersetting word weg van die rivier gebou om oorstromings te voorkom (2)
Gebou bo vloedlyn/vloedkontoer (2)
**[ENIGE EEN]** (1 + 2) (3)

3.6.2 Dit is naby die pad geleë vir vervoer van gewasse/verhoogde toeganklikheid tot die plaasopstal (2) (1 x 2) (2)

3.7 **N:** Kern (1)

**S:** Geïsoleerd / Verspreid (1) (2 x 1) (2)

**GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)**

3.8 3.8.1 Attribuut data: Verwys na die beskrywing/eienskappe (verder inligting) van die ligging (en vorm) van ’n kenmerk (ruimtelike data) (2)
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

3.8.2 Attribuut data (1) (1 x 1) (1)

3.8.3 Dit gee beskrywings/eienskappe (verdere inligting) t.o.v. die tipe pad (2)
Dit gee die beskrywing/kenmerk (verdere inligting) oor die pad geteer word (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

3.9 3.9.1 Skep ’n gebied met ’n spesifieke breedte of afstand vanaf ’n voorwerp (2)
[**KONSEP]** (1 x 2) (2)

3.9.2 Vermy oorstromings langs die riviere (1)
Verminder gewasverlies (1)
Voorkom enige ontwikkeling (1)
Verseker rivierbestuur (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)
**[30]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou